Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

19 Mei 2023 Uitgawe: 5/2/2023

## UIT DIE KANTOOR

Die eerste toetsreeks vir Gr. 4-7 van die kwartaal is onder ’n bedrywige program suksesvol afgehandel. Baie dankie vir u geduld daarmee. Met die eksamen wat op 12 Junie begin, vertrou ek dat die program heelwat minder besig sal wees en sal die leerders genoeg tyd kry om voor te berei. Gister na ons Hemelvaartdiens in die saal kon ons erkenning gee aan ons akademiese presteerders van die eerste kwartaal. Dit was die eerste geleentheid waar ons as ’n skool weer ’n gesamentlike saalperiode kon hou. Baie geluk aan ons top 10 akademiese presteerders van kwartaal een. (Sien die top 10 akademiese leerders van Gr. 4-7 onder uitslae).

Vanjaar se vergrote rugby- en netballiga (as gevolg van 5 ekstra skole wat bygekom het) plaas ongelooflike druk op die akademiese program van die skool. Ons is deeglik bewus daarvan en probeer dit so goed as moontlik bestuur. Talle laerskole in die stad ondervind dieselfde druk en daar sal definitief herbesin moet word vir 2024.

**Vroeë sluiting:**

Juis as gevolg van hierdie besige rugby- en netbalprogram, is ons genoodsaak om eerskomende Maandag, 22 Mei, die skool weer om 11:15 te laat verdaag. Ons ontvang Primêre Skool Truida Kestell van Bethlehem en wedstryde begin reeds om 12:30. Om ’n verkeersvloeiprobleem te vermy, moet ons reeds om 11:15 verdaag. Truida Kestell kom met ’n hele paar groot busse en daarom het ek die volgende versoek:

**Daar sal Maandag GEEN PARKERING beskikbaar wees in Von Bondestraat nie. Hierdie parkering word uitgehou vir die busse van Truida Kestell.**

Ek vra dus vriendelik dat ouers van ’n ander hek gebruik sal maak op hierdie dag. Baie dankie dat ek op u samewerking kan staatmaak.

## ANDER

**<u>Personeelsake</u>**

Baie geluk aan juf. Nadine Malherbe (Gr. 2) en haar man Schalk met die geboorte van hul dogter Nina. Ons is saam met julle opgewonde oor hierdie nuwe bondeltjie liefde wat God aan julle gee.

Ons groet vandag vir juf. Monique Coetzee (Gr. 2) wat vandag klaarmaak by Tjokkies. Ons wens haar alle voorspoed toe met haar nuwe verantwoordelikheid as ‘n kleuterskoolhoof.

Die Beheerliggaam het in haar plek vir mev. Maryka Conradie aangestel wat binnekort by ons sal aansluit.

**Beheerliggaam**


Die Beheerliggaam is in die proses om die tweede huis wat aan die skool grens aan te koop, wat beteken dat hersonering dan kan plaasvind. Ongelukkig mag ons nie die eerste huis afbreek voordat goedkeuring ontvang is nie. Intussen sal die huis eers verhuur word. Om egter hierdie hele proses en ander projekte soos addisionele kragvoorsiening te help bestuur, het die Beheerliggaam mnr. Gerhard Boshoff gekoöpteer op die Beheerliggaam. Ons bedank hom vir sy bereidwilligheid om deel van hierdie groep bekwame ouers te vorm.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 19 Mei: | VCSV Dagkamp (skool) |
| 22 Mei: | Rugby/Netbal vs Truida Kestell |
| 23 Mei: | Skaakliga |
| 24 Mei: | Rugby/Netbal vs Willem Postma (beide skole) |
| 26 Mei: | Mini-Netbal Festival |

## VERJAARSDAE

Geen



# UITSLAE

**Baie geluk aan ons top 10 presteerders van die eerste kwartaal!**

**Graad 4**

Andries Auret

Lia Janse van Rensburg

Minke Steyn

Suné van Tonder

Christo de Lange

SJ Kruger

Liam Pienaar

Nelinke Verreyne

Tuané Jansen

Liané Nel

**Graad 5**

Liana van Niekerk

Nathan Nel

Luan Landman

Cailyn de Kock

Cobus de Witt

Handré Herholdt

Cari Kearney

Marizé Opperman

Emma Groenewald

Jadon Jordaan

**Graad 6**

Nicolette van Tonder

Andries Strauss

Marla Kruger

Dale du Plessis

Velé Langenhoven

Tehila de Bruyn

Chy-Anne Muller

Elzé Myburgh

HP Pieterse

Marcel Cilliers

Jay le Roux

Nikki van Biljon

Carla van Niekerk

Martin Jonas

**Graad 7**

Nicole van Schalkwyk

Leanke Landman

Huibré Goosen

Mia Pienaar

Liza Geyer

Larezé Hattingh

JD Kearney

Tristan Aucamp

Lelanie Jordaan

Eckard Meyer

Tjokkies AKADEMIE Top 10

# REDENAARS



Baie geluk aan Mia Pienaar (Gr. 7) wat deur is na die ATKV-redenaars se semi-finale rondte.

Ons hou vir jou styf duim vas!

# LANDLOOP

Aangeheg die landloop ligabepalings soos ontvang vanaf die organiseerders:

| DAY | DATE | EVENT | TRACK |
|---|---|---|---|
| Fri | 5 May | League 1 | UFS CC Track |
| Fri | 12 May | League 2 | UFS CC Track |
| Sat | 20 May | Interprovinsiaal | To be confirmed |
| Fri | 26 May | League 3 | UFS CC Track |
| Fri | 2 Jun | League 4 | UFS CC Track |
| Fri | 21 Jul | League 5 | UFS CC Track |
| Fri | 28 Jul | League 6 | UFS CC Track |
| Fri | 4 Aug | League 7 | UFS CC Track |
| Sat | 19 Aug | FS Championships | UFS CC Track |
| Sat | 16 Sept | SA Championships | Gqeberha (PE) |

# SNUFFELS







**Auto Pedigree Bloemfontein Service Centre**
Visit us at 89 Oliver Tambo Street, Bloemfontein / Call us on (051) 448-3571

**Service Centre Manager:** Leonard Grimsdell (079 104 5994 / leonard.grimsdell@autopedigree.co.za)
**Service Advisor:** Ruan Rossouw (066 245 6640 / ruan.rossouw@autopedigree.co.za)
**Trading Hours:** Monday to Friday (7am - 5pm), Saturday (8am - 12pm)

T&Cs Apply on Specials and Promotions

miwa

Proud Association of RMI

AUTO PEDIGREE

You deserve a great deal!

SERVICE CENTRE